

Bly getrou aan jou roeping, selfs al verwerp die wêreld jou daaroor

Diegene wat die Woord van God suiwer wil bedien, is nie gewild in die wêreld nie. Dit was so in Paulus en Timoteus se tyd en dit is vandag steeds so. Kyk maar net byvoorbeeld hoe daar met die kerk se pogings om by die Woord te bly, die spot gedryf word. Die vraag is: Hoe nou gemaak? Hoe nou gemaak te midde van 'n wêreld en mense wat die Woord van God nie meer wil aanvaar nie? Wat moet ons doen in 'n wêreld waar mense eerder luister na diegene wat sê wat hulle graag wil hoor?

Paulus se antwoord aan Timoteus, wat tegelyk ook God se antwoord aan ons is, was: Gaan maar net aan met jou werk. Bly in alle omstandighede nugter. Eenvoudig gestel, beteken dit: Hou kop. Moenie verswelg word deur dit wat ander verkeerd doen nie. Wees rustig en verdra die lyding en teenkating wat deel van Christen-wees is. Voer al jou pligte getrou uit. Ware dienskneg-van-God-wees behels dat jy net bly doen wat goed en reg is voor die Here, maak nie saak wat ander doen nie.

Dit wat Paulus aan Timoteus voorgeskryf het, was nie leë woorde nie. Nee, Paulus het self die pad geloop. Hy het beleef hoe mense hulle rug op hom gedraai het, hoe mense hom kwaad aangedoen het en hoe mense hom in die steek gelaat het. Hy het egter ook beleef hoe God hom bygestaan en aan hom krag gegee het. Daarom kon hy die wedloop voltooi en die oorwinnaarskroon ontvang. Sy lewe is 'n voorbeeld van hoe God sy dienskneg deurmaak. Dít is die sleutel: God wat sy dienskneg in sy genade deurmaak. Hiermee kan ons as kerk en ook elke lidmaat individueel ons roeping gaan uitvoer, selfs al word ons deur die wêreld verwerp en verguis. God se ontferming oor ons is groot!

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3

Ds JL van der Schyff (Welkom-Noord)